



Sedert 1979

Geagte voornemende Klofie-ouers en -leerders

19 April

INSAKE: OPEDAE – 20 EN 21 APRIL

Na aanleiding van die huidige situasie by die skool, soos u in die media gelees het, het die Bestuur dit goedgevind om die opedae wat oorspronklik vir **20 en 21 April** geskeduleer was na die nuwe kwartaal uit te stel. Die opedae sal dus nou op **Dinsdag 11 Mei** en **Woensdag 12 Mei** plaasvind.

Om u en u dagboek die beste te akkommodeer, het ons besluit dat die besprekings vir 20 en 21 April se terreinbesoeksessies waarvoor u aanlyn bespreek het, verval. Ons dra dus nie die sessies van 20 en 21 April na 11 en 12 Mei oor nie. Die besprekingsplatform vir die terreinbesoeke op 11 en 12 Mei sal op ons webwerf by www.klofies.co.za op **Donderdag 22 April om 12:00** beskikbaar wees waar u so gou as moontlik u terreinbesoek vir u en u kind moet bespreek. Die bespreking vir terreinbesoeke sluit **Sondag 9 Mei om 24:00**.

Die tye vir die terreinbesoeksessies bly presies dieselfde en is as volg:

Dinsdag 11 Mei

- **Sessie 1: 14:30 – 15:30**
- **Sessie 2: 16:00 – 17:00**

Woensdag 12 Mei

- **Sessie 1: 13:00 – 14:00**
- **Sessie 2: 14:30 – 15:30**
- **Sessie 3: 16:00 – 17:00**

Ons versoek u om asseblief so spoedig moontlik uself te vergewis van ons OPEMAG-APP wat reeds op ons webwerf (www.klofies.co.za) beskikbaar is. Alle relevante inligting oor die akademiese, sport en kultuur, asook die aanlyn aansoek om toelating vir 2022, is op hierdie app beskikbaar.

Op **12 Mei om 15:00** sal daar 'n regstreekse uitsending van een van die sessies wees. Skakel dus op 12 Mei om 15:00 op die app in om hierdie sessie regstreeks by te woon.

Ons vertrou dat u die bogenoemde in orde sal vind en vra byvoorbaat om verskoning vir enige ongerief wat die datumverandering mag veroorsaak. Met al die uitdagings wat ons tans ervaar, moet daar ongelukkig van dag tot dag aanpassings gemaak word.



Sedert 1979

Posbus 25085, Monumentpark,
Pretoria, 0105

Tel: (012) 347 0277

Faks: (012) 347 0279

E-pos: klofies@klofies.co.za

www.klofies.co.za

Ons sien daarna uit om al ons voornemende Klofies op 11 en 12 Mei te ontmoet.

Klofiegroete.

Me. L. Hartley
ADJUNKHOOF